oorspronklike in Kluis P2

**15**


Mennen Prokureurs
Posbus 45042
Claremont
7735
(HWM/mdt)


Opgestel deur my

HW Mennen

TRANSPORTBESORGER
HANS WERNER MENNEN

| | Fee | |
|---|---|---|
| Purchase price/Value | R 20 870 700,00 | R 422 060 |
| Mortgage/Capital Amount | R | R |
| Reason for exemption | | |

DATA / CAPTURE
19 JUN 2015
KETILEN

# TRANSPORTAKTE

T000031339/2015

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK DAT:

~~HANS WERNER MENNEN~~ **CLARE WENDY FARIA**

voor my verskyn het, Registrateur van Aktes, te Kaapstad, hy die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n Volmag aan hom verleen deur

**DANIEL JACOBUS CRAFFORD**
**Identiteitsnommer 690314 5036 08 2**
**en**
**ANNA JOHANNA CATHARINA CRAFFORD**
**Identiteitsnommer 700102 0190 08 9**
**Getroud binne gemeenskap van goed met mekaar**

DATA / VERIFY
23 JUN 2015
ZANULATHULANI

geteken te **KAKAMAS** op **17 MAART 2015**

En genoemde Komparant het verklaar dat sy prinsipaal het, op **7 APRIL 2014,** waarlik en wettiglik verkoop by Privaat ooreenkoms, en dat hy, in sy voorgenoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer in volle en vrye eiendom aan en ten gunste van:

**PUTT REAL ESTATES PROPRIETARY LIMITED**
**REGISTRASIENOMMER 2014/055616/07**

die se Opvolgers in Titel of Regverkrygendes

**PERSEEL 1533 KAKAMAS SUID NEDERSETTING**
**IN DIE KAI !GARIB MUNISIPALITEIT**
**AFDELING KENHARDT**
**PROVINSIE NOORD-KAAP**

**GROOT: 45,1288 (VYF EN VEERTIG KOMMA EEN TWEE AGT AGT) HEKTAAR**

**AANVANKLIK GEREGISTREER** kragtens Sertifikaat van Verenigde Titel Nommer T20816/1976 met Kaart Nommer 3346/1975 wat daarop betrekking het en gehou kragtens Transportakte Nommer T40623/1995.

I. **WAT BETREF** die figuur d linker wal van Oranjerivier e.F.G.H.L.I. middel van voor m.M.n. midel van voor b.C. op Kaart Nr. 3346/1975:

A. **ONDERHEWIG** aan die voorwaardes waarna verwys word in die Sertifikaat van Eenvormige Titel Nr. T11402/1956.

B. **ONDERHEWIG VERDER** aan en geregtig op die voordele van die serwitute waarna verwys word in die endossement gedateer 9 Mei 1931 aangebring op Kroongrondbrief gedateer 17 Januarie 1907 (KENHARDT EIENDOMSBRIEWE BOEKDEEL 1 NR. 6) welke endossement soos volg lui:

"By Deed of Transfer No. 3175 d.d. 9.5.1931

(a) certain water rights and grazing rights on the remainder held hereunder are granted in favour of the land thereby conveyed; and

(b) certain rights to use a 3,78 metre footpath on the land thereby conveyed is granted in favour of the owner of the said remainder, as will more fully appear on reference to the said deed of transfer."

C. **ONDERHEWIG VERDER** kragtens die Minister se toestemming, aan die volgende regte wat ten gunste van die Staat voorbehou word, vervat in Sertifikaat van Eenvormige Titel Nr. T11402/1956, naamlik:

"(1) ............

(2) Die reg om grond te neem en om materiaal te verkry en te verwyder vir die bou en herstel van openbare paaie;

(3) Die Staat het te alle tye die reg om paaie, spoorweë, damme, waterleidings en afleivore te maak en telegraaflyne oor die grond aan te lê om materiaal vir hierdie doeleindes te neem, sonder betaling van vergoeding behalwe ten opsigte van verbeterde grond;

(4) Die Staatspresident het te alle tye die reg om enige gedeelte of gedeeltes van die grond in besit te neem vir Staats en/of openbare doeleindes. Ingeval van sodanige terugneming sal die Staat vir geen vergoeding aanspreeklik wees nie, behalwe ten aansien van bewerkte grond;

(5) Die bewerkte gronde wat by die gebied bekend as die Polisiereserwe ingesluit is, sal geregtig wees op 'n pro rata aandeel van enige water wat uit die Oranjerivier uitgekeer mag word vir die doel van besproeiing van bewerkte gronde op die Kakamasnedersetting."

II. **WAT BETREF** figuur A.a. middel van voor n.M.m. middel van voor I.L.K.H.J. op Kaart Nr 3345/1975:

A. **ONDERHEWIG** aan die voorwaardes waarna verwys word in Sertifikaat van Eenvormige Titel Nr. T11402/1956.

G

B. **ONDERHEWIG VERDER** aan en geregtig op die voordele van die serwitute waarna verwys word in die endossement gedateer 9 Mei 1931 op Kroongrondbrief gedateer 17 Januarie 1907 (KENHARDT EIENDOMSBRIEWE BOEKDEEL 1 NR. 6) welke endossement volledig uiteengesit is in voorwaarde B in komponent I hierbo.

C. **ONDERHEWIG VERDER** kragtens die Minister se toestemming aan die volgende regte wat ten gunste van die Staat voorbehou word, vervat in gesegde Sertifikaat van Eenvormige Titel Nr. T114012/1956, welke regte volledig uiteengesit is in voorwaarde C in komponent I hierbo.

**NIE ONDERHEWIG** aan Voorwaarde C. (1) op bladsy 3 van Transportakte Nr. T40623/1995 weens die bepalings van Artikel 53 van die Wysigingswet op Registrasie van Myntitels 24 van 2003.

WESHALWE die komparant afstand doen van al die regte en titel wat die

**TRANSPORTGEWERS**

voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken het dat sy geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde

**TRANSPORTNEMER MAATSKAPPY**

die se Opvolgers in Titel of Regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken dit dat die verkoopprys die bedrag van **R20 870 700 (Twintig Miljoen Agthonderd en Sewentigduisend Sewehonderd Rand)** beloop.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde Registrateur, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en dit met die ampseël bekragtig het.

Onderteken, verly en met die ampseël bekragtig op die kantoor van die Registrateur van Aktes te Kaapstad op 11 JUNIE 2015

q.q.

In my teenwoordigheid:

REGISTRATEUR VAN AKTES